die elektrischen tram te Johannesburg nie te bekragtig nie.[125] Vier dae later het 'n brief van president Kruger van die volgende inhoud voor die Eerste Volksraad gedien:

> "Naar aanleiding van U.E. Achtbare besluit van l.l. Donderdag, in zake de tramweg-overeenkomst, heeft het my pynlik getroffen, dat bedoeld Volksraadsbesluit een blyk zou zyn van eene motie van wantrouwen, tegen my als Staatspresident, die bedoeld contract goedgekeurd had.
>
> En daar ik ter goeder trouw gehandeld heb, in zake het aangaan van bedoelde overeenkomst, omdat ik het Volksraadsbesluit van 1890, art. 50, zoo verstond, dat ook de Uitvoerende Raad er toe gerechtigd was;
>
> Een bewys dat ik in 1896 een uitleg van bedoeld besluit vroeg, zoodra ik bemerkte, dat er een verschil van gevoelen over uitgesproken werd, vraagt ik den EdelAchtbaren Eersten Volksraad eerbiedig of bedoeld besluit van l.l. Donderdag een vonnis is op my, dat ik myne machten hierin te buiten ben gegaan."[126]

Die Eerste Volksraad het egter daarop geantwoord dat die besluit geensins bedoel was as 'n mosie van wantroue nie.[127] Tereg is op hierdie optrede van Kruger gewys dat dit 'n gevaarlike nuwigheid is wat hy probeer invoer het, want tot op die tyd van die skrywe van sy brief was soiets soos 'n mosie van wantroue in die politieke lewe van die Z.A.R. geheel onbekend.[128]

Die vraag is nou: wat sou gebeur indien die botsing tussen staatspresident en Volksraad 'n onoorkomelike moeilikheid ingehou het? Hoewel die moeilikhede in die O.V.S. nie onoorkomelik van aard was nie, het die geskiedenis aldaar bewys dat die president in sodanige gevalle uit eie beweging kon bedank en hom op die volk kon beroep, en so 'n stap is gewoonlik deur die Volksraad gevrees.[129] 'n Ander uitweg vir die Volksraad, waarvan dikwels in albei state gebruik gemaak is as die Volksraad nie bereid gevoel het om 'n wet of

---

125) Notule Eerste Volksraad, art. 376, 24 Junie 1897.
126) E.V.R.1234/97, ook opgeneem in Notule Eerste Volksraad, art. 438, 1 Julie 1897.
127) Notule Eerste Volksraad, art. 439, 1 Julie 1897.
128) Land en Volk, 8 Julie 1897 (hoofartikel). Vgl. The Standard and Diggers' News, 2 Julie 1897 se kommentaar.
129) Scholtz: a.w., bll. 89-96, 122.

maatreël wat deur die staatspresident voorgelê is te bekragtig nie, was om dit eers d.m.v. publikasie aan die volk voor te lê sodat hulle per memorie daaroor uitspraak kon gee. Dieselfde weg het natuurlik ook vir die staatspresident oopgestaan. Die Volksraad kon dus nie deur die aanname van 'n mosie van wantroue in die president van hom ontslae raak nie. Die enigste manier was om hom in 'n definitiewe staat van beskuldiging te stel, waarna hy nog eers verhoor moes word voor daar van 'n skorsing sprake kon wees.[130)]

(e) Staatspresident besit geen vetoreg nie; pogings om dit te bekom.

Terwyl die staatspresident in die Z.A.R. en die O.V.S. dié voordeel bo hulle Amerikaanse kollega gehad het dat hulle nie alleen as wetsvoorstellers en wetspleitbesorgers in die Volksraad opgetree het nie, maar dat hulle deur die bevoegdhede tot feitlik hoofwetgewers in die onderskeie state verhef is, het die Amerikaanse president weer die reg gehad om besluite van die wetgewende mag te veto, 'n reg wat die Suid-Afrikaanse presidente nie besit het nie. Elke wet wat deur albei kamers van die Amerikaanse wetgewende mag aangeneem is, moes eers aan die president ter bekragtiging voorgelê word. Indien hy geen besware daarteen het nie, onderteken hy dit, maar indien dit nie sy tevredenheid wegdra nie, word dit na die kamer waar die betrokke wet sy ontstaan gehad het teruggestuur tesame met sy besware daarteen. Die betrokke kamer moet die wetsontwerp weer opnuut oorweeg, en indien twee-derdes van die lede van die kamer ten gunste van die onveranderde aanname van die ontwerp is, word dit saam met die president se besware na die ander kamer vir oorweging gestuur. As ná heroorweging twee-derde van die lede van laasgenoemde kamer ook ten gunste van die aanname van die onveranderde ontwerp is, word so 'n ontwerp outomaties wet, ten spyte van die besware van die president.[131)]

---

130) Hieroor handel ons in paragraaf 6(b) van hierdie hoofstuk.

131) Konstitusie (V.S.A.), art. 1, seksie 7. Kyk ook Munro: a.w., bll. 174-180.

Daarteenoor was die Boere-staatspresidente verplig om as hy van die Volksraad kennis gekry het dat 'n voorgestelde wetsontwerp aangeneem is, dit te onderteken en dit binne twee maande, in die geval van die Z.A.R., d.m.v. publikasie aan die publiek bekend te maak, en na verloop van een maand vanaf datum van bekendmaking vir die uitvoering daarvan te sorg.[132] Na die instelling van twee Volksrade is die artikel verander sodat dit alleen op wette deur die Eerste Volksraad gepasseer betrekking gehad het, met nog die verskil dat 'n wet onmiddellik na publikasie in werking sou tree tensy die betrokke wet anders bepaal.[133] Volgens dié artikels het die staatspresident geen ander keuse gehad as om die betrokke wet te onderteken en te publiseer, en toe te sien dat dit uitgevoer word nie.

Teenoor wette wat deur die Tweede Volksraad aangeneem is, het die staatspresident in 'n ander verhouding gestaan. Enige wet of besluit wat deur die Tweede Volksraad aangeneem is, moes binne agt-en-veertig uur deur dié liggaam aan die Eerste Volksraad en aan die staatspresident bekend gemaak word.[134] Die volgende artikel in die konsepwet het so gelui dat die staatspresident die reg sou hê om enige wet of besluit wat deur die Tweede Volksraad gepasseer is, binne veertien dae nadat hy daarvan kennis ontvang het, ter bespreking aan die Eerste Volksraad voor te

---

132) Grondwet (Z.A.R.), 1858, art. 69; ibid., 1889, art. 65 (Locale Wetten der Z.A.R., 1888-1889, bl. 182). Vgl. ook die besluit van die Uitvoerende Raad om aan die 131 memorialiste, wat gevra het dat die Uitvoerende Raad 'n sekere besluit van die Volksraad buite werking moes stel, te antwoord "dat het buiten de magt is van den Uitvoerenden Raad om Volksraadsbesluiten buiten werking te stellen." (U.R. 4: Uitv. Raadsnotule, art. 48, 21 Mei 1872).

133) Wet 2/1896, art. 90 (Locale Wetten der Z.A.R. 1896, bl. 46).

134) Wet 4/1890, art. 28 (ibid., 1890-1893, bl. 25); Wet 2/1896, art. 76 (ibid., 1896, bl. 43); Konsepgrondwet, 1899, art. 56, goedgekeur per Eerste Volksraadsbesluit, art. 743, 4 Aug. 1899.

lê.[135] Die Volksraad was egter bevrees dat hierdie artikel te veel mag aan die staatspresident sou verleen,[136] en alhoewel hulle die artikel voorlopig goedgekeur het,[137] is in die volgende jaar bygevoeg dat die staatspresident in ieder geval verplig was om nadat hy gepasseerde wette en besluite van die Tweede Volksraad ontvang het, daarvan aan die Eerste Volksraad kennis te gee.[138] Indien die staatspresident nie van die reg gebruik maak om 'n wet of besluit van die Tweede Volksraad aan die Eerste Raad ter behandeling voor te lê nie, en die Eerste Volksraad dit ook nie binne die veertien dae uit eie beweging in behandeling neem nie, was die president verplig om dit as 'n wet van die land in die Staatscourant te publiseer, tensy hy, met advies en toestemming van die Uitvoerende Raad, dit vir die staatsbelang onwenslik geag het. As die Eerste Volksraad binne die bedoelde veertien dae al verdaag het, moes hy die publikasie van wette of besluite van die Tweede Volksraad agterweë hou tot agt dae na die aanvang van die volgende sitting van die Eerste Volksraad.[139] Die klousule dat die president met advies en toestemming van die Uitvoerende Raad die publikasie agterweë kon hou indien hy dit teen die landsbelange geag het, het nie in die oorspronklike konsepwet voorgekom nie,[140] maar is in 1890, toe die wetsontwerp finaal behandel is, as 'n veiligheidsklep ingesluit indien miskien op die laaste oomblik voor die veertien dae verstreke was, een of ander beswaar teen so 'n wet mog

---

135) Konsepwet tot instelling van twee Volksrade, art.28 (opgeneem in Volksraadsnotule, art.1048, 18 Julie 1889 - Byvoegsel Staatscourant, 24 Julie 1889).

136) Volksraadsnotule, art. 1091, 22 Julie 1889. Vgl. ook De Volksstem, 7 Feb. 1889, 25 Feb.1889, 16 Junie 1889.

137) Volksraadsnotule, art. 1092, 22 Julie 1889.

138) Ibid., art.425, 19 Junie 1890; Wet 4/1890, art. 29 (Locale Wetten der Z.A.R., 1890-1893, bl. 26); Wet 2/1896, art. 77 (ibid., 1896, bl. 43); Konsep-grondwet, 1899, art. 57, goedgekeur per Eerste Volksraadsbesluit, art. 744, 4 Aug. 1899.

139) Wet 4/1890, art. 30; Wet 2/1896, art. 78.

140) Kyk Konsepwet tot instelling van twee Volksrade, art. 29 (Kyk voetnoot 135, hierbo).

opduik.[141]

Toe bogenoemde wetsbepalinge nog in die konsepstadium was, het The Star heftig teen die ontwerp te velde getrek o.a. verklaar dat die president daardeur met 'n absolute vetomag t.o.v. die Tweede Volksraad beklee word.[142] Dit was natuurlik nie die geval nie, maar dat dit 'n opgeskorte vetoreg ingehou het, onderhewig aan die goedkeuring van die Eerste Volksraad, is seker.

Die enigste President van die Z.A.R. wat doelbewus probeer het om die vetomag in hande te kry, was president Burgers, wat dié bepaling in die Grondwet van die staat wou sien:

> "Iedere aangenomen wet of besluit wordt door den Volksraad aan den Staatspresident ter teekening toegezonden. De Staatspresident heeft het recht, indien hy de wet of besluit niet goedkeurt, de teekening op te houden; in dat geval zendt hy de wet met een boodschap, waarin zyne bezwaren zyn vervat, aan de Volksraad in de eerstvolgende gewone zitting terug; die haar opnieuw behandelt en in stemming brengt. Wordt zy dan aangenomen met twee derden den stemmen, dan is het voorstel wet, al ware het ook dat de Staatspresident weigerachtig bleef te teekenen. De Voorzitter van den Volksraad teekent dan in zyne plaats." 143)

Hierdie poging het egter nie geslaag nie.[144]

Die kwessie van 'n vetoreg vir die staatspresident het telkens in die O.V.S. ter sprake gekom. Brand was die eerste persoon wat die vetoreg tot die magte van die staatspresident toegevoeg wou hê.

---

141) Volksraadsnotule, art. 426, 19 Junie 1890. Toe die grondwet in 1899 hersien is, het die Eerste Volksraad op aandrang van 30 memories (1037 handtekeninge) na 'n baie lang bespreking besluit om dié klousule te skrap, omdat die algemene gevoel was dat die staatspresident daardeur 'n besondere mag teenoor die Tweede Volksraad verleen word. (Kyk Notule Eerste Volksraad, artt. 745-747, 4 Aug. 1899). Dit was o.a. ook die opinie van De Volksstem, 9 Junie 1890.

142) The Star, 24 Julie 1889.

143) Regeringskennisgewing no. 584 tot hersiening van Grondwet, hoofstuk III, art. 21 (Byvoegsel Staatscourant, 28 Feb. 1877).

144) Kyk bl. 303 van hierdie werk i.v.m. die houding van die Volksraad teenoor Burgers se voorstelle.

In 1880 het hy 'n voorstel tot die wysiging van artikel 15 van die Konstitusie gepubliseer,[145] wat 'n woordelike vertaling van artikel 1, seksie 7 van die Amerikaanse Konstitusie was:[146]

"Alle wetsontwerpen, ordonnantien, orders en besluiten van den Volksraad, behalve besluiten ter verdaging van eenen huishoudelyken aard, zullen voor dat dezelve wet worden, naar den Staatspresident worden opgezonden; indien hy daarmede instemt, zal hy dezelve onderteekenen, maar indien hy daarmede niet instemt zal hy dezelve, met zyne bezwaren en bedenkingen, terugzenden naar den Volksraad, die deze bezwaren en bedenkingen in de notulen zal opnemen en overgaan om dezelve weder in overweging te nemen. Indien na zoodanige weder overweging twee derden van den Volksraad besluiten zal het ontwerp aan te nemen, zal hetzelve kracht van wet hebben.

Maar in alle zoodanig gevallen zal er eene hoofdelyke stemming daarover plaats vinden en de namen dergenen die voor en tegen het wetsontwerp of besluit stemmen in de notulen van den Volksraad worden aangeteekend. Indien eenig wetsontwerp of besluit niet binnen... dagen (Zondag uitgezonderd) nadat hetzelve aan hem is opgezonden, teruggezonden wordt, zal hetzelve wet zyn, op dezelfde wyze, als of hy hetzelve onderteekend had, tenzy de Volksraad door zyne verdaging het terug zenden heeft verhinderd, in welk geval het niet wet zal zyn."

The Friend was van mening dat die Konstitusie eers ook andersins gewysig moes word vóór aan 'n staatspresident die vetoreg toegeken kon word, maar was heeltemal bereid om dit onder die toenmalige Konstitusie aan Brand toe te ken, maar dan ook net aan Brand alleen.[147] Die burgers van die O.V.S. was egter nie daarvoor te vinde nie,[148] en nieteenstaande die ernstige pleidooi van president Brand in die Volksraad,[149] het laasgenoemde liggaam na 'n lang bespreking tot die slotsom gekom dat so 'n wysiging van die Konstitusie nie gewens was nie.[150]

---

146) Kyk voetnoot 131 van hierdie hoofstuk.

147) The Friend, 3 Junie 1880 (hoofartikel).

148) Vgl. bylaes by Volksraadsnotule (OV.S.), 1880: (a) memorie van H.J. Venter en 81 ander persone, d.d. Wyk Kafferrivier, Bloemfontein-distrik, sonder datum; (b) memorie van J.J.J. Fick en 51 ander, d.d. Ficksburg, 24 April 1880; (c) memorie van J.A. Venter en 68 ander, d.d. Fauresmith, geen datum.

149) Volksraadsnotule (O.V.S.), 15 Mei 1880.

150) Ibid., 15 en 17 Mei 1880.

President Brand het in 1883 weer die besprekings van die Volksraad in die rigting van die vetoreg-kwessie gestuur, nie weer deur 'n voorstel tot Grondwetswysiging te publiseer nie, maar deur die instelling van 'n vetoreg aan die hand te doen in sy Aanspraak tydens die opening van die Volksraad.[151)] Waar geen lid die vorige keer te gunste van die vetoreg was nie, het in 1883 ten minste twee lede van die Volksraad hulle ten gunste daarvan uitgespreek, maar op 7 Junie 1883 het die Volksraad besluit dat hulle geen redes kon vind om aan die aanbeveling van die Staatspresident te voldoen nie.[152)]

In 1890 het president Reitz weer die saak te berde gebring deur aan die hand te doen

> "dat de promulgatie van Ordonnanties welke door slechts eene kleine meerderheid van den Volksraad aangenomen zyn, onder zekere voorwaarden, en voor eene beperkten tyd door den Staatspresident zal kunnen worden uitgesteld,"

omdat hy gevoel het dat gevalle kon voorkom waar so 'n tydelike opskortingsveto baie nuttig kon wees in 'n eenkamerstelsel van regering ter voorkoming van oorhaastige wetgewing.[153)] Ook hierdie poging het nie geslaag nie.[154)]

In sy antwoord op rekwisisies wat hy in 1895 ontvang het om hom vir die presidentskap verkiesbaar te stel, het regter Steyn die kwessie van 'n

---

151) Paragraaf 46 van sy Aanspraak, opgeneem in Volksraadsnotule (O.V.S.), 8 Mei 1883.

152) Kyk Volksraadsnotule (O.V.S.), 6 & 7 Junie 1883.

153) Paragraaf 14 van sy Aanspraak, opgeneem in Volksraadsnotule (O.V.S.), 5 Mei 1890. Kyk ook Konsepordonnansie tot wysiging van Konstitusie (Gouvernements Courant, 21 Maart 1890).

154) Kyk Volksraadsnotule (O.V.S.), 8 & 12 Mei 1890. Vgl. ook The Star, 17 Mei 1890 oor hierdie kwessie. O.a. word verklaar dat so 'n opskortingsveto die O.V.S.-konstitusie "more attractive in the eyes of outside observers even than it is at the present time" sou maak.

referendum[155] aangeroer.

"Terecht zegt gy dat gy van my eene Republikeinsche politiek kunt verwachten, want van hart en ziel bent ik een Republikein. Ieder die met aandacht de gang van zaken heeft gadegeslagen, zal, geloof ik, met my instemmen dat de tyd gekomen is voor ons allen om in ernstige overweging te nemen of nu niet de gelegenheid daar is de Constitutie van ons land te herzien, ten einde de gebreken aan te vullen, voornamelyk daarin dat de Volks-souvereiniteit, 'de Koningstem des Volks' duidelyk er in zal erkend worden.

Ik houd de vaste overtuiging dat ons volk ryp is om het referendum in te voeren in dier voege dat iedere verandering in de Constitutie zal moeten, en iedere besluit of wet die niet vooraf gepubliceerd is geworden, door den Volksraad genomen zal kunnen door den Staatspresident óf uit eigen beweging óf op aanvrage van een groot gedeelte van het volk worden onderworpen. Hierdoor ben ik zeker, zal alle wryving die mocht ontstaan tusschen Volke en Raad, Raad en Uitvoerende Gezag ophouden. Het volk de opperste macht, zal een middel in zyn hand hebben om als Scheidsrechter in geval van verschillen op te treden en om wetten of besluiten die misschien in der haast gemaakt worden buiten werking te stellen. Op die wyze alleen zullen wy een ware Volksregeering krygen t.w. voor het volk, door het volk. De zuivere Republikeinsche politiek is om de wil van het volk wet te doen zyn, en het zal myn doel en vurig streven zyn."[156]

In die pers is hierdie voorneme van Steyn aangeprys as 'n goeie voorgenome maatreël,[157] maar dit is ook dadelik veroordeel as 'n poging om aan die staatspresident 'n vetoreg te laat toekom.[158]

By geleentheid van die opening van die Volksraad in 1896 het die nuutgekose president Steyn sy saak gestel en die invoering van 'n beperkte referendum by die Volksraad aanbeveel.[159] 'n Langdurige bespreking het gevolg, maar ook vir hierdie saak was die Volksraad

155) Een van die belangrikste kenmerke van die Switserse Konstitusie (kyk Vincent: a.w., bll. 188-199).

156) Antwoord van regter Steyn, d.d. 14 Des. 1895, op 'n rekwisisie van Senekalse burgers (De Express, 24 Des. 1895).

157) De Express, 24 Des. 1895.

158) The Friend, 24 Des. 1895. Kyk ook ibid., 27 Des. 1895.

159) Paragraaf 14 van sy Aanspraak (opgeneem in Volksraadsnotule (O.V.S.), 7 April 1896.)

nie te vinde nie.[160] In 1897 en 1898 was die moontlikheid dat die referendum ingevoer sou word betreklik rooskleurig, maar deur die uitspraak van regter Hertzog in die saak die Staat vs. Gibson, waarin verklaar is dat die Volksraad nie die soewereine mag besit nie, maar wel die volk, is meteens ook die nodigheid vir 'n referendum weggeneem.[161]

Dit is duidelik dat elke keer wanneer 'n President van een van die Republieke die vetoreg in die Grondwet wou laat opneem, dit geskied het n.a.v. die Amerikaanse voorbeeld. Hulle wou die vetoreg toepas, presies soos dit in Amerika die geval was, sonder om hulle eie posisie t.o.v. die wetgewing, wat van dié van die Amerikaanse president verskil het, te verander. Anders as die Amerikaanse president wat maatreëls aan die wetgewende gesag kon voorstel, maar verder geen seggenskap gehad het nie behalwe om onder omstandighede en voorwaardes, soos hierbo uiteengesit, te weier om wette en maatreëls goed te keur, het die Boere-presidente die reg gehad om wette voor te stel en vrylik daaroor te spreek wanneer dit behandel word. Die geskiedenis van die wetgewing van die twee Republieke het dan ook onteenseglik bewys dat die allergrootste persentasie wette die resultaat was van voorstelle van die President self. Die vetoreg waarop deur die Presidente aangedring is kon dus alleen betrekking gehad het op die wetgewing wat deur private lede ingedien is, wat 'n absolute minimum was, en dan het die staatspresident nog self die reg gehad om tydens die bespreking van so 'n ontwerp sy beskouinge aan die Volksraad kenbaar te maak. Gevolglik kan mens tot geen ander gevolgtrekking kom as dat die Staatspresidente in die twee Republieke alreeds so 'n magsposisie t.o.v. die

---

160) Volksraadsnotule (O.V.S.), 16 & 17 Junie 1896. Kyk ook Kieser: a.w., bll. 79-80 en hoofartikels in De Express, 19 Junie 1896 en The Friend, 19 Junie 1896.

161) Kyk Kieser: t.a.p., bll. 80-82.

wetgewing beklee het, dat 'n vetomag in hulle hande werklik oorbodig was.[162]

Hoewel die referendum-gedagte nie duidelik in die Konstitusie van die O.V.S. geformuleer was nie, het dit tog ten dele aldaar bestaan. Die oppergesag van die volk het aan laasgenoemde die reg verleen om hulle afkeuring of goedkeuring uit te spreek oor enige wet of besluit wat die Volksraad mog passeer of neem. Ten opsigte van wette waarvan die konsep vooraf gepubliseer is, het die volk in die O.V.S. sowel as in die Z.A.R. alreeds vóór die indiening van so 'n wetsontwerp die geleentheid gehad om hulle opinie daaromtrent aan die Volksraad bekend te maak. Gewoonlik het Volksraadslede ook voor die sitting van die Raad hulle kiesers vooraf genader om vas te stel wat hulle verlange m.b.t. die voorgestelde wetgewing was.[163] Daarby het beide die staatspresident en die Volksraad in albei Republieke die reg gehad om, wanneer maatreëls wat nie vooraf gepubliseer is nie, ter tafel gelê word, te versoek dat dit eers ter kennisname van die volk gepubliseer moes word. So 'n versoek en besluit het gewoonlik van die kant van die Volksraad gekom, en veral in die Z.A.R. het dit baie gebeur.

In die O.V.S. het die volk ook die reg gehad om hulle opinies uit te spreek oor reeds aangenome wette en besluite, slegs met die verskil dat hulle dit uit eie beweging moes doen en dat die staatspresident kragtens sy verpligting om die aangenome wette en besluite uit te voer, nie die reg gehad het om die uitvoering daarvan te vertraag en die volk te vra om hulle uitspraak daaroor te gee nie.

---

162) Vgl. ook Scholtz: a.w., bll. 118-119.

163) Telkens wanneer 'n wet bespreek is, het Volksraadslede verklaar dat hoewel hulle kiesers nie memories ingestuur het nie, hulle op byeenkomste wat deur die betrokke Raadslid gehou is, aan hom opdrag gegee het hoedanig sy houding in die Volksraad daaromtrent moes wees.

Die geleentheid vir die volk was in elk geval daar. Die Konstitusie het naamlik bepaal dat alle wette wat deur die Volksraad gemaak word eers twee maande na die afkondiging daarvan van krag sou word, behalwe waar die Volksraad onder noodsaaklike omstandighede anders mag besluit, en dat die Raadslede sover moontlik die wette aan die publiek moes bekendstel en verduidelik,[164] terwyl die reg van die volk ook erken is om memories aan die Volksraad in te stuur en

> "een verhelping van bezwaarnissen of eenige verandering in eenige wetten te verkrygen."[165]

Die referendum-gedagte word baie sterker deur die Grondwet van die Z.A.R. beklemtoon. Nog voor die totstandkoming van die Grondwet, het die Volksraad alreeds bepaal dat

> "geen raadsbesluit over landswetten zal vastgesteld worden by hunne zittingen, maar zal moeten aan het publiek bekend gemaakt worden door de veldkornets van zyn wyk, die gehouden zal zyn zo de tegenwerp by memories aan te nemen en de goedkeuring by naamtekening en by de volgende zitting des Raads in te leveren ten einde te bevestigen of te veranderen."[166]

En net soos in die O.V.S. het die volk ook ná die aanvaarding van 'n wet die geleentheid gehad om hulle teen so 'n wet uit te spreek as hulle besware daarteen gehad het. Dit was die beginsel wat sedert die ontstaan van die Republiek gegeld het, maar wat eers in 1890 direk op die wetboek van die land gekom het, toe bepaal is:

> "De wettelyke kracht van een wet of een besluit door den Staatspresident in de Staatscourant gepubliceerd, mag niet worden betwist, behoudens het recht van het volk om memories daaromtrent

---

[164] Konstitusie (O.V.S.), 1854, art. 13; ibid., 1866, art. 15 (Scholtz: a.w., bylae 1 & 2); Wetboek van den Oranje-Vrystaat, 1854-1891, bl. 13.

[165] Konstitusie (O.V.S.), 1854, art. 20; ibid., 1866, art. 22; Wetboek van den Oranje-Vrystaat, 1854-1891, bl. 22.

[166] Aangehaal deur Van der Walt: Die ontwikkeling van Boerebestuursinstellinge (Geskiedenis van S.A. II, bll. 80 & 81).

te maken."167)

Hoewel die staatspresident die volk nie mog versoek het om hulle oor reeds aangenome wette en besluite uit te spreek nie, het hy tenslotte in die gunstige posisie verkeer dat deur sy deelname aan die besprekings in die Volksraad, en deur die gereelde publikasie van die notule en verslae in die koerante, die volk altyd op hoogte was met sy houding en opvattinge t.o.v. die besluite van die Volksraad. Daárna kon hulle dan handel as hulle dit verkies het.

Alles in oënskou geneem, het daar gevolglik in beide Republieke ook geen noodsaaklikheid vir 'n referendum bestaan nie.

5. Wetgewende bevoegdhede van die Staatspresident tydens die reses.

Aan die Staatspresident, met of sonder advies en toestemming van die Uitvoerende Raad, is belangrike wetgewende bevoegdhede verleen tydens die tydperk wat die Volksraad nie in sitting was nie. Die bevoegdhede het veral in verband gestaan met onafgehandelde werk wat deur die Volksraad aan hom opgedra is; met noodsaaklike maatreëls wat tydens die reses getref moes word, en met maatreëls ter uitvoering van die aangenome wette.

(a) Onafgehandelde werk deur Volksraad aan Staatspresident opgedra.

Aangesien daar altyd 'n aantal memories en ander sake op die ordeboek van die Volksraad oorgebly het, wat om een of ander rede nie tydens die sitting afgehandel kon word nie, was dit die gewoonte van die Volksraad om aan die einde van sy jaarlikse sittinge te besluit om die afhandeling van sodanige sake ooreenkomstig die wet aan die Regering (d.i. die staatspresident en staatssekretaris) op te

167) Wet 4/1890, art. 32 (Locale Wetten der Z.A.R., 1890-1893, bl. 26); Wet 2/1896, art. 80 (ibid., 1896, bl. 44); Konsep-grondwet, 1899, art. 62 (opgeneem in Notule Eerste Volksraad, art. 594, 25 Julie 1899, en goedgekeur per Eerste Volksraadsbesluit, art.757, 7 Aug. 1899).

dra.[168]) Van die werksaamhede in die verband moes dan by die volgende sitting aan die Volksraad verslag gedoen word.

(b) Noodsaaklike maatreëls wat tydens die reses getref moes word.

Van veel meer belang was die bevoegdheid wat deur die Volksraad aan die staatspresident, met of sonder toestemming van die Uitvoerende Raad, toevertrou is om in gevalle waarvoor die Volksraad nie voorsiening gemaak het nie en wat geen uitstel kon ly nie, maatreëls te tref en dit voorlopig toe te pas tot tyd en wyl die Volksraad daaroor kon besluit. Aanvanklik het hierdie opdrag 'n groot magstoekenning ingehou. In 1872 is die opdrag byvoorbeeld as volg gestel:

> "De Volksraad draagt aan de regering op om alle zaken die nog ter behandeling voor den volksraad liggen zooveel mogelyk finaal af te doen en geeft verder volmagt aan de regering alle zulke stappen te nemen, als mogen noodig bevonden worden om het bestuur van het land voort te zetten."169)

Na die herstel van die Republiek in 1881 het dit vanaf 1886 die gebruik geword dat die Uitvoerende Raad teen die einde van elke sitting van die Volksraad sodanige magtiging per brief versoek,[170]) waarop die Volksraad dan 'n besluit gepasseer het om aan die versoek te voldoen.[171]) In 1886 was daar enkele lede wat teen so 'n magtiging beswaar gehad het maar die staatspresident het die Volksraad daarop gewys dat indien dit nie verleen word nie,

---

168) Vgl. bv. E.V.R. 11: Volksraadsbesluit, art. 171, 14 Junie 1873; E.V.R. 12: ibid., art. 270, 18 Nov. 1874; Volksraadsnotule, art. 816-817, 12 Julie 1882 (Byvoegsel Staatscourant, 17 Aug. 1882) ibid., art. 1325, 12 Nov. 1884 (ibid., 21 Jan. 1885).

169) E.V.R. 11: Volksraadsnotule, art.199, 7 Aug. 1872.

170) Vgl. bv. V.R.R. 342/86; V.R.R. 342/87; U.R.8: Uitv. Raadsnotule, art. 377, 10 Julie 1888; V.R.R.453/89; V.R.R. 652/90; E.V.R.R. 667/91; E.V.R.R. 1148/92.

171) Bv. Volksraadsnotule, artt. 1423-1424, 12 Aug.1886 (Locale Wetten der Z.A.R. 1886-1887, bl. 89); ibid., art. 1366, 30 Julie 1887 (Byvoegsel Staatscourant, 9 Nov. 1887); ibid., art. 1245, 2 Aug. 1889, (ibid., 7 Aug. 1889); ibid., art. 1236, 11 Aug. 1890; Notule Eerste Volksraad, art. 1326, 7 Aug. 1891.

hy vanweë die snelle ontwikkeling van die land wat altyd sake meebring waarvoor onmiddellik voorsiening gemaak moes word, moontlik verplig sou wees om 'n buitengewone sitting van die Volksraad te belê,[172] waarop die Volksraad met enkele teëstemme aan die versoek voldoen het.[173] In 1892 het daar van die kant van die publiek ernstige besware ingekom teen die gebruiklike verlening van volmag aan die Staatspresident en Uitvoerende Raad om sake wat eintlik by die Volksraad tuishoort tydens die reses af te handel. Altesaam is in 19 memories, onderteken deur bykans 1300 burgers, die Eerste Volksraad versoek om dié volmag nie weer te gee nie omdat die Volksraad self oor publieke sake moes beskik;[174] omdat hierdie verlening van onbeperkte gesag aan die Staatspresident en Uitvoerende Raad die oorsaak van groot geldverkwisting is;[175] omdat die Regering in meer as een geval van die volmag misbruik gemaak het deur die verlening van konsessies,[176] terwyl in 'n ander memorie beweer is dat die Volksraad deur die magsverlening sy kontrole oor die Regering verloor omdat die Volksraad die handelswyse van die Regering, wat onder die volmag plaasgevind het, baie moeilik kon afkeur. Verontwaardig word in laasgenoemde memorie gevra:

> "En als onze Regering onder zulk een machtiging handelen kan, waartoe hebben wy dan nog eenen Volksraad noodig?"[177]

---

172) Volksraadsnotule, art. 1365, 30 Julie 1887 (Bygevoegsel Staatscourant, 9 Nov. 1887).

173) Kyk voetnoot 171 hierbo.

174) E.V.R.R. 641/92: memorie van C.C. Swart, J.P. Maré en 19 ander, d.d. Hartbeestspruit, 21 Maart 1892.

175) E.V.R.R. 164/92: memorie van Ed. Johnstone en 33 ander, d.d. Wakkerstroom, April 1892.

176) E.V.R.R. 133/92: memorie van G.J.J. Helberg en 135 ander, d.d. Zoutpansberg-distrik, 1 April 1892 (15 ander memories is van dieselfde inhoud).

177) E.V.R.R. 317/92: memorie van H.J. Steyn en 145 ander persone, d.d. Waterberg, 30 Maart 1892.

Na 'n lang en ernstige bespreking,[178] waaruit geblyk het dat die Volksraad in elk geval nie met die motiverings van bogenoemde versoeke saamgestem het nie, was die Raad huiwerig om 'n definitiewe besluit te neem, maar het hy dit aan elke lid oorgelaat om by 'n eventuele sodanige versoek van die kant van die Regering, volgens eie oortuiging te stem.[179] Waarskynlik het die Volksraad gehoop dat so 'n versoek nie weer deur die Regering gerig sou word nie omdat die Staatspresident uit die besprekinge met die gevoelens van die volk sowel as die Volksraadslede bekend geraak het. Teen die einde van die sitting het die Uitvoerende Raad egter weer die gewone versoek gerig,[180] en sonder enige bespreking het die Eerste Volksraad met tien teen nege stemme besluit om nie aan die versoek te voldoen nie.[181] Die volgende dag het die Volksraad 'n brief van die Regering en Uitvoerende Raad ontvang waarin gevra word of die Volksraadsbesluit as 'n uitspraak van wantroue in hulle beleid beskou moes word.[182] Daarop het die Volksraad geantwoord dat dit nie as 'n mosie van wantroue beskou moes word nie, maar dat die volmag hoofsaaklik om drie redes geweier is, naamlik:

(a) omdat in die verlede die magtiging verleen is ten tyde van die snelle ontwikkeling van die goudvelde en vanweë onvoorsiene omstandighede;

(b) omdat daar in 1892 deur die wette en die aanstelling van amptenare reeds t.o.v. alles voorsien was;

(c) Omdat die burgers van die land hulle per memorie teen so 'n magtiging uitgespreek het.

En ten slotte spreek die Eerste Volksraad sy volle vertroue uit teenoor die handelinge van die Uitvoerende

---

178) Kyk Notule Eerste Volksraad, art. 1100, 10 Aug. 1892 en art. 1101, 11 Aug. 1892.

179) Ibid., art. 1102, 11 Aug. 1892.

180) E.V.R.R. 1148/92.

181) Notule Eerste Volksraad, art.1333, 29 Aug. 1892.

182) E.V.R.R. 1149/92.

Raad in die verlede en in die toekoms.[183)]

So 'n magtiging is ook nie weer verder onder gewone omstandighede deur die Staatspresident of Regering of Uitvoerende Raad gevra nie.

Toe oorlogswolke in 1899 oor die Z.A.R. saamgepak het, moes daar dringend vir die regering van die land voorsiening gemaak word omdat dit vir die Volksraad waarskynlik onmoontlik sou wees om tydens 'n oorlog te vergader. In 'n geheime sitting van die Eerste Volksraad is die volgende brief van die Uitvoerende Raad ter tafel gelê:

> "Pretoria, 27 September 1899.
> "Daar het met het oog op den publieken toestand het waarschynlyk is dat U.E.A. lichaam spoedig zal verdagen en daar het hoofdzakelyk (noodzakelyk?) is een regeling daar te stellen waaronder het Land gedurende die verdaging zal kunnen worden geadministreerd, heb ik in opdracht van den Uitv. Raad U.E.A. Vergadering te verzoeken een besluit te willen passeeren, waarby de Regeering gemachtigd zal worden na de verdaging van UEd. Achtb. lichaam, besluiten te nemen en instructies te geven die noodig mochten bevonden worden voor de belangen van het Land en dat die instructies kracht van wet zullen hebben totdat daarover nader door UE.A. Lichaam zal zyn beslist."

Hierdie gevraagde magtiging is sonder enige bespreking aan die owerheid verleen.[184)] Die Staatspresident en sy Uitvoerende Raad het geen oomblik gewag om van die bestuurs- en wetgewende magte wat hulle erlang het, gebruik te maak nie, en nog op dieselfde dag het hulle alle nodige maatreëls begin tref om die voorbereidings vir die onafwendbare oorlog in orde te kry.[185)]

Volgens bogenoemde brief en besluit is alle regeermag aan die Regering opgedra, d.w.s. aan Staatspresident en

---

183) Notule Eerste Volksraad, art. 1336-1337, 30 Aug.1892.

184) Vir kopie van brief en besluit van Eerste Volksraad, kyk E.V.R. 90: Geheime Volksraadsnotule, art. 1416a, 28 Sept. 1899. Kyk ook J.H. Breytenbach: <u>Die Tweede Vryheidsoorlog I</u>, Kaapstad, 1948 bl. 339.

185) Kyk Breytenbach: ibid., bll. 339 e.v.

Staatssekretaris.[186] Blykbaar is hier nie meer onder Regering Staatspresident en Staatssekretaris verstaan nie, maar wel kragtens besluit van Augustus 1899, Staatspresident en elke afsonderlike lid van die Uitvoerende Raad, wat markties neergekom het op Staatspresident en Uitvoerende Raad.[187] Hierdie vermoede word verder versterk deur die feit dat al die voorbereidings, onmiddelik nadat die volle bestuursmag aan die Regering toegeken is, deur die Uitvoerende Raad getref is,[188] terwyl al die proklamasies wat ook in verband met die voorbereidings en later tydens die oorlog uitgevaardig is, uitgevaardig is deur die Staatspresident met advies en toestemming van die Uitvoerende Raad.[189] Verder kan nog as bewys aangevoer word dat tydens die laaste volksraadsitting op 7 Mei 1899[190] die voorsitters van die Eerste en Tweede Volksraad die Staatspresident en lede van die Uitvoerende Raad bedank het vir al hulle werksaamhede tot op daardie

---

186) Kyk hoofstuk VII, bl. 327 van hierdie werk. Bogenoemde verklaring word ook gegee deur M. Hugo: Die Kruger-ultimatum (Historiese Studies, Okt.-Des. 1943, bl. 192, voetnoot 5).

187) Kyk bl.308 van hierdie werk.

188) Vgl. bv. Uitvoerende Raadsnotule, soos aangehaal deur Breytenbach: Die Tweede Vryheidsoorlog I, in voetnote op bll. 339-340.

189) Vgl. bv. Proklamasies in Buitengewone Staatscourant, 30 Sept. 1899; ibid., 20 Okt. 1899; ibid., 24 Nov. 1899; Staatscourant, 18 Okt. 1899; ibid., 25 Okt. 1899; ibid., 17 Jan. 1900; ibid., 25 April 1900. Kyk ook Regeringskennisgewings no. 524 (Staatscourant, 4 Okt. 1899); no. 534 (Buitengewone Staatscourant, 6 Okt. 1899); no. 535 (ibid., 7 Okt. 1899); no. 585 (Staatscourant, 20 Des. 1899); no. 6 (ibid., 17 Jan. 1900); no. 24 (ibid., 31 Jan. 1900); no. 88 (ibid., 25 April 1900; ens.

190) Die sitting van 7 Mei 1900 was geen buitengewone sitting soos Bredell en Grobler (Gedenkschriften van Paul Kruger, bl. 202) beweer nie, maar die voortsetting en sluiting van die 1899-sitting, wat op 2 Okt. 1899 "tot nadere kennisgeving" verdaag het.

oomblik.[191] Met die verhuising van president Kruger na Machadodorp as nuwe regeringsetel, het die Staatssekretaris en Uitvoerende Raadslede saam verhuis,[192] en dit was op 'n gesamentlike Uitvoerende Raadsvergadering van die Z.A.R. en O.V.S. te Nelspruit op 10 September 1900, wat besluit is dat president Kruger na Europa moes gaan om aldaar die saak van die Republieke te probeer bevorder.[193] Vanuit Nelspruit het president Kruger ook, toe lord Roberts die anneksasieproklamasie t.o.v. die Z.A.R. uitgevaardig het, op 3 September 'n teen-proklamasie

> "met advies en consent van den Uitvoerenden Raad, blykens art. 147 zyner notulen, d.d. 3 September 1900,"

uitgevaardig.[194]

Ook in die O.V.S. het president Steyn die bestuur van die land tydens die oorlog met die Uitvoerende Raad waargeneem.[195]

Op een belangrike saak moet egter nog hier gewys word en dit is op die besluit van waarnemende kommandant-generaal Louis Botha se Krygsraad nadat die Regering Pretoria verlaat het. Hierdie besluit was die volgende: Aangesien die Staatspresident en Regering die hoofstad verlaat het en feitlik voortvlugtend was, sou die burgerlike regering ophou om te bestaan. Die funksies daarvan sou oorgeneem word deur 'n militêre bestuur onder die voorsitterskap van waarnemende kommandant-generaal Louis Botha self.[196] Ten spyte van die besluit het die burgerlike regering tog met sy werk voortgegaan.

---

191) Notule Eerste Volksraad, art. 1448, 7 Mei 1900.
192) Bredell en Grobler: a.w., bl. 203.
193) Ibid., bl. 207; N.J. van der Merwe: M.T. Steyn II, bl.64.
194) Bredell en Grobler: a.w., bll. 205-207.
195) N.J. van der Merwe: M.T. Steyn II, bl. 4.
196) Van Heerden: Die Kommandant-Generaal in die Geskiedenis van die S.A.R., bl. 374.

Die besluit van die Krygsraad is op 16 Julie 1900 opgevolg deur 'n besluit van die Uitvoerende Raad self, waardeur alle burgerlike en kriminele mag in die westelike distrikte toegeken is aan assistent-kommandant-generaal de la Rey en staatsprokureur Smuts. Aan hierdie persone is dieselfde magte en bevoegdhede toegeken as wat deur die Grondwet aan die Staatspresident, Regering of Uitvoerende Raad toegeken is, maar hulle handelinge sou aan die goedkeuring van die Uitvoerende Raad onderhewig wees. Sodoende was daar in die Z.A.R. voortaan eintlik drie regerings: die Uitvoerende Raad en twee militêre regerings, een in die oostelike en een in die westelike gedeelte van die Republiek, onderskeidelik onder die hoofskap van Botha en De la Rey.[197]

(c) Maatreëls i.v.m. die uitvoering van reeds aangenome wette.

Afgesien van die reg van die staatspresident om tydens die reses, gewoonlik met toestemming van die Uitvoerende Raad, proklamasies uit te vaardig m.b.t. sake wat onmiddellike aandag moes geniet; proklamasies wat voorlopig krag van wet besit het totdat die Volksraad nader daaroor kon besluit, is ook aan die staatspresident van tyd tot tyd d.m.v. wette en Volksraadsbesluite die reg verleen om regulasies op te stel en bevele uit te vaardig om die uitvoering van bepaalde wette moontlik te maak.[198] Veral t.o.v. die snel ontwikkelende goudvelde is besonder uitgebreide sodanige wetgewende bevoegdhede aan die staatspresident toever-

---

197) Ibid., bl. 375.

198) Vgl. bv. Ordonnansie 3/1866, art. 13(Locale Wetten der Z.A.R.1849-1885, bl. 256); Wet 5/1882, art. 15 (ibid., bl.1116); Volksraadsnotule, art.583, 27 Junie 1882(ibid., bll. 1110-1111); Bylae van Wet 1/1883, art. 17 (ibid., bl. 1279); Wet 4/1885, art. 14(ibid., bl. 1355); Wet 8/1885, art. 88 (ibid., bll. 1394-1395); Wet 5/1887, art. 13 (ibid., 1886-1887, bl. 110); Wet 6/1887, art. 49 (ibid., bl.123).

trou.[199]

6. Bedanking en skorsing van die Staatspresident.

(a) Bedanking.

Kragtens sy algemene verantwoordelikheid aan die Volksraad moes die staatspresident, wanneer hy sy bedanking wou indien, dit by die Volksraad doen, en het die Volksraad besluit of hy die bedanking wou aanvaar of nie. In die Z.A.R. is nie met veel bedankings te doen gekry nie. Die enigste bedankings wat die moeite werd is om te noem, is dié van Pretorius in 1867, wat egter weer teruggetrek is, en dié in 1871, wat deur die Volksraad aanvaar is. Aangesien hierdie bedankings voortgevloei het uit toestande wat meer betrekking op die skorsing van die staatspresident gehad het, word dit hieronder vollediger behandel. Sedert 1871 het in die Z.A.R. geen bedanking voorgekom nie.

In die O.V.S. is herhaalde kere met bedankings te doen gekry. Feitlik al dié bedankings was die gevolg van botsings tussen die staatspresident en Volksraad.[200] Slegs drie keer het 'n staatspresident gevra om van sy amp onthef te word omdat omstandighede vereis het dat hy sy verpligtinge nie meer verder kon nakom nie. Die eerste geval was die van M.W. Pretorius wat op 1 Oktober 1862 as Vrystaatse president bedank het sodat hy sy aandag aan sake in die Z.A.R. kon gaan wy, maar omdat die Volksraad nie sy weg oop gesien het om die bedanking te aanvaar nie, het hy dit op die volgende dag weer teruggetrek.[201] In 1863 het Pretorius

199) Vgl. Wet 2/1872; Wet 1/1883, Wet 8/1885, Wet 10/1887, Wet 9/1888, Wet 8/1890, Wet 10/1891, Wet 18/1892, Wet 14/1894, Wet 19/1895, Wet 21/1896, Wet 15/1898.

200) Vgl. bll.377-378 van hierdie hoofstuk.

201) Vir besonderhede i.v.m. briewe en besluite, kyk Regeringskennisgewings, d.d. 6 Okt. 1862 (gepubliseer as bylaag by die O.V.S.-Volksraadsnotule, 1862).

hom weer genoodsaak gevoel om te bedank en na 'n aanvanklike weiering,[202] het die Volksraad sy bedanking op 17 Junie aanvaar en besluit dat hy op eie versoek van sy verpligtinge onthef sou word.[203] Die derde geval was dié van president Reitz wat in Desember 1895 weens gesondheidsredes sy ontslag moes versoek, wat deur die Volksraad toegestaan is.[204]

(b) Skorsing.

Die Grondwet van die Z.A.R. het aan die Volksraad die mag verleen om onder bepaalde omstandighede die staatspresident uit sy amp te skors. Die betrokke artikel het as volg gelui:

> "De President zal door den Volksraad van zyn post ontslagen of ontzet worden na overtuiging van wangedrag, verduistering van staatseigendom, verraad of andere zware misdaden, en verder naar de wetten behandeld worden." 205)

In 1899 is die volgende wysiging van hierdie artikel deur die Eerste Volksraad goedgekeur:

> "De Staatspresident kan door den Eersten Volksraad uit zyn ambt worden ontzet en verder naar de wetten behandeld worden wanneer hy door het Byzonder Hof bedoeld in art. ... is schuldig bevonden aan een ambtsmisdryf of aan wangedrag of aan eenige zware misdaad of onbekwaam is verklaard zyn ambt waar te nemen." 206)

Hierdie nuwe bewoording het 'n belangrike verandering meegebring, want waar die Volksraad voor 1899 verplig

---

202) Volksraadsnotule (O.V.S.), 5 & 6 Maart 1863.

203) Ibid., 17 Junie 1863.

204) Volksraadsnotule (O.V.S.), 11 Des. 1895 (buitengewone sitting). Kyk ook Kieser: a.w., bl. 1; The Friend, 19 Nov. 1895 (hoofartikel).

205) Grondwet, 1858, art. 65. Hierdie artikel is onveranderd in die volgende grondwette opgeneem, slegs met verandering ná 1866, van President tot Staatspresident (Grondwet 1889, art. 60), en ná 1890 van Volksraad tot Eerste Volksraad (Wet 2/1896, art. 85).

206) Konsep-grondwet, 1899, art. 86, soos goedgekeur per Eerste Volksraadsbesluit, art. 797, 8 Aug. 1899.

was om die staatspresident uit sy amp te onthef wanneer hy aan een van die genoemde oortredings skuldig bevind is, is in 1899 bepaal dat die Eerste Volksraad dit kon doen. Volgens hierdie nuwe bewoording was dit dus aan die diskresie van die Eerste Volksraad oorgelaat of hulle dit wou doen of nie.[207)]

Enige stemgeregtigde burger het die reg gehad om beskuldiginge teen die staatspresident i.v.m. ampsoortredinge en ampsmisdrywe by die voorsitter van die Volksraad (na 1890, die voorsitter van die Eerste Volksraad) in te dien en lg. moes dan na bevind van sake daarmee handel.[208)] Die prosedure wat die Volksraad moes volg as hy so 'n klagte ontvang, was allereers om te besluit of die klagte in verband staan met 'n oortreding ten opsigte waarvan die president deur die Volksraad vervolg kon word. Indien wel, moes dit vir verdere ondersoek aan die staatsprokureur oorhandig word, en as die klagte volgens sy oordeel gegrond was, moes dit vir verdere ondersoek na die Hooggeregshof verwys word. Laasgenoemde hof se uitspraak sou finaal wees.[209)]

---

207) Aangesien die Konsep-grondwet nie finaal deur die Eerste Volksraad aanvaar is en dus nooit in werking was nie, aanvaar ons vir ons doel die posisie só dat die Volksraad verplig was om die 'resident van sy amp te onthef as hy aan dié oortredinge skuldig bevind was.

208) Grondwet,1858, art.34; ibid., 1889, art. 31 (Locale Wetten der Z.A.R. 1888-1889, bl. 177); Wet 2/1896, art. 73) ibid., 1896, bl. 42). In 1899 is slegs bepaal dat sodanige klagtes by die Eerste Volksraad ingehandig kon word(kyk Konsep-grondwet, 1899, art. 113, soos gewysig per Eerste Volksraadsbesluit, art. 910, 16 Aug. 1899). Veral gedurende die eerste jare van die bestaan van die Z.A.R. word gevind dat burgers dikwels van dié reg gebruik gemaak het, maar sonder uitsondering is sodanige klagtes deur die Volksraad verwerp (bv. V.R. 575/64; E.V.R. 11: memorie no. 129; E.V.R. 119: memorie no. 105).

209) Grondwet 1858, art. 93. Kyk ook ibid., 1889, art. 92. Lg. artikel bepaal presies dieselfde, behalwe dat die aanklag vir ondersoek na die besondere hof gestuur moes word.

Ten opsigte van die hof waardeur 'n aangeklaagde staatspresident verhoor moes word, is in 1877 op aanbeveling van president Burgers[210] deur die Volksraad bepaal dat die staatspresident, as die Volksraad sou besluit dat hy in 'n staat van beskuldiging gestel moes word, voor 'n <u>besondere hof</u> sou teregstaan. Die hof sou bestaan uit lede van die Hooggeregshof, tesame met die voorsitter en 'n ander lid van die Volksraad, terwyl die staatsprokureur as openbare aanklaer sou optree. Die aangeklaagde president sou self 'n regsgeleerde kon kies om hom met sy verdediging by te staan.[211] Hierdie bepaling is egter weer in 1881 tot niet verklaar.[212]

Toe die Grondwet in 1889 hersien is, is weereens teruggekeer tot die reëling tydens die Burgersregime en is art. 8 van die Toevoegingswet[213] weer in die Grondwet opgeneem.[214]

Die kommissie wat in 1895 benoem is om die Grondwet te hersien, het in 1896 aanbeveel dat kragtens 'n besluit van 1894[215] die besondere hof moes bestaan uit vyf lede van die Eerste Volksraad, deur dié liggaam

---

210) Regeringskennisgewing i.v.m. voorstelle tot wysiging.

211) Toevoeging tot Grondwet, 1877, art. 8 (<u>Locale Wetten der Z.A.R. 1849-1885</u>, bl. 680).

212) In 1881 het die Uitvoerende Raad by die Volksraad aanbeveel dat art. 8 van die Toevoegingswet (voetnoot 209) onveranderd moes bly (Staatssekretaris aan Voorsitter van die Volksraad, d.d. 7 Okt. 1881, opgeneem in Volksraadsnotule, art. 82, 8 Okt. 1881 - <u>Staatscourant</u>, 18 Okt. 1881). Die Volksraad het egter besluit, om die bepaling te herroep en om art. 93 van die 1858-Grondwet (voetnoot 209) van krag te laat bly. (Kyk Volksraadsnotule, art.102, 12 Okt. 1881 - <u>Staatscourant</u>, 20 Okt. 1881; ibid., art. 115, 17 Okt. 1881 - <u>Buitengewone Staatscourant</u>, 24 Okt. 1881).

213) Kyk voetnoot 211 hierbo.

214) Grondwet, 1889 art. 61 (<u>Locale Wetten der Z.A.R. 1888-1889</u>, bl. 181).

215) Notule Eerste Volksraad, art. 1454, 23 Aug. 1894 (<u>Locale Wetten der Z.A.R. 1894</u>, bl. 307).

self gekies, en minstens vier lede van die Hooggeregshof, wat deur die hof daartoe benoem moes word.[216] Die aanbeveling is sonder enige bespreking onveranderd deur die Eerste Volksraad aanvaar.[217]

In 1894 het die Eerste Volksraad dit nodig gevind om die verhoor van die Staatspresident nader te kwalifiseer deur tussen oortredinge wat hy kon begaan te onderskei.

> "De Staatspresident .... staat terecht
> (a) Wegens misdaden en overtredingen voor den gewonen rechter;
> (b) wegens ambtsmisdryven, wangedrag of onbekwaamheid voor een byzonder hof."[218]

In verband met die prosedure het die Eerste Volksraad ook in 1894 met 'n nuwe besluit voor die dag gekom , nl. dat die aanklag teen die Staatspresident m.b.t. ampsmisdrywe, wangedrag of onbekwaamheid skriftelik by die voorsitter van die Eerste Volksraad ingedien moes word. As die Eerste Volksraad oortuig was dat daar redelike grond vir die aanklag bestaan het, moes die saak aan die Staatsprokureur oorgegee word en moes maatreëls getref word om die besondere hof vir die verhoor van die saak saam te stel.[219]

Onmiddellik nadat die kommissie wat in 1895 benoem is om die Grondwet te hersien, die Konsep-grondwet gereed gehad het, het De Volksstem op die moeilik

---

216) Konsep-grondwet, 1896, art. 92 (opgeneem in Notule Eerste Volksraad, art. 321, 26 Mei 1896).

217) Notule Eerste Volksraad, art. 408, 30 Mei 1896; Wet 2/1896, art. 86 (Locale Wetten der Z.A.R., 1896, bl. 45). In 1899 is aanbeveel dat die ledetal van Eerste Volksraadslede in die besondere hof minstens vyf moes wees (Konsep-grondwet, 1899, art. 131 - opgeneem in Notule Eerste Volksraad, art.594, 25 Julie 1899), maar die Eerste Volksraad het die bestaande grondwetsartikel van vyf lede gehandhaaf (Notule Eerste Volksraad, art.905, 16 Aug. 1899).

218) Notule Eerste Volksraad, art.1454, 23 Aug. 1894 ( Locale Wetten der Z.A.R., 1894, bl. 307). Hierdie bepaling is in 1896 in die grondwet opgeneem(Wet 2/1896, art. 86, eerste paragraaf(Locale Wetten der Z.A.R. 1896, bl. 45).

219) Ibid. Opgeneem in Wet 2/1896, art. 86 (Locale Wetten der Z.A.R. 1896, bl. 45) en Konsep-grondwet, 1899, art. 132 (soos goedgekeur per Eerste Volksraadsbesluit, artt. 906-908, 16 Aug. 1899).

toepasbaarheid van die artikel gewys deur o.a. die volgende kommentaar te lewer:

> "Het concept-artikel der vyf mannen is niet gelukkig in zyn classificatie van delicten die hetzy door den gewonen rechter, hetzy door het 'Bizonder Hof' moeten onderzocht en gestraft worden. Waar ligt, volgens Transvaalse strafrecht, het onderscheid tusschen 'misdaden' en 'overtredingen?' Waar kan men in onze wet een juiste omschryving vinden van 'ambtsmisdryven'? Diefstal, verduistering, schending van geheimen, hoogverraad, omkoopery vallen ongetwyfeld onder het begrip 'misdaden' en het plegen dier misdaden gedurende de uitoefening van een staatsampt behoeft niet ten gevolge te hebben dat ze daardoor *per se* tot 'ambtsmisdryven' gepromoveerd worden. De vage onderscheiding tusschen de delicten die door den gewone rechter en die door het 'Bizonder Hof' worden beoordeeld, zal reeds aanstonds aan een handig advocaat de gelegenheid geven om zyn client van een eventueele veroordeeling te vrywaren door als peremtoire exceptie de onbevoegdheid der vierschaar, welke over hem gesteld werd, aan te voeren.
>
> Bovendien, wie besluit volgens het concept-artikel of er sprake is van een ambtsmisdryf of van een misdaad? De persoon die de aanklacht doet? De Volksraad of hun Voorzitter? De Regeering? Maar geen dezer personen zyn experts in kwesties van wetenschappelyk strafrecht en de bestaande wetten zyn niet by machte uitkomst te geven en die kwesties op te lossen." 220)

Hierdie besware van *De Volksstem* is in 1899 gedeeltelik opgelos toe die Eerste Volksraad na 'n lang bespreking besluit het om die eerste paragraaf van art. 86[221] so te wysig dat die staatspresident, afgesien van die oortreding wat hy begaan het, slegs voor één hof, nl. die besondere hof tereg sou staan.[222]

Die ander beswaar wat deur *De Volksstem* geopper is, naamlik waar die grens getrek moes word tussen ampsmisdrywe en gewone oortredinge, is 'n beswaar

---

220) *De Volksstem*, 28 Des. 1895 (hoofartikel).

221) Kyk voetnoot 218 hierbo.

222) Konsep-grondwet, 1899, art. 130 (opgeneem in Notule Eerste Volksraad, art. 594, 25 Julie 1899), soos bespreek en goedgekeur (Notule Eerste Volksraad, artt. 901-902, 16 Aug. 1899). Die bespreking van die artikel het lank geduur omdat sommige lede van die Raad nie die nodigheid kon insien waarom die staatspresident nie ook deur die gewone howe verhoor kon word as hy gewone oortredinge begaan nie.

wat ook deur die Grondwetkommissie van 1895 aangevoel is. Derhalwe het hierdie kommissie by die Volksraad aanbeveel dat duidelik omskryf moes word wat met ampsmisdrywe bedoel word.[223] Hoewel daar nog Volksraadslede was wat gemeen het dat daaroor geen twyfel kon bestaan nie, was die meerderheid van die Eerste Volksraad tog bewus van die noodsaaklikheid van so 'n stap, met die gevolg dat dit aan die Regering opgedra is om 'n konsepwet op te stel waarin ampsmisdrywe duidelik geformuleer word en dit betyds in die Staatscourant te publiseer sodat dit gedurende die volgende sitting behandel kon word.[224] By die volgende sitting was die Regering met die konsepwet[225] gereed, maar dit is eers in 1898-sitting behandel. Na enige bespreking[226] is die konsepwet goedgekeur en is 'n ampsmisdryf as volg omskrywe:

> "Aan een ambtsmisdryf als bedoeld by art. 86 der Grondwet, kan zich schuldig maken hy, die door het plegen van eene by de wet verboden handeling of door het verzuimen van een by de wet geboden handeling, eene ambtsplicht schendt of by het begaan van een strafbaar feit, misbruikt maakt van macht, gelegenheid of middel hem door zyn ambt geschonken."[227]

Indien die staatspresident in 'n staat van beskuldiging gestel en deur die bevoegde hof aan die oortreding skuldig bevind en onwaardig verklaar is om sy amp verder te beklee, moes die voorsitter van die Volksraad, ~~en~~ op ontvangs van die uitspraak van genoemde hof, dadelik die Volksraad (na 1890, die Eerste Volksraad) bymekaar roep.

---

223) Art. 19 van die rapport van die kommissie, benoem kragtens Eerste Volksraadsbesluit, art. 408, 19 Junie 1895 (opgeneem in Notule Eerste Volksraad, art. 16, 5 Mei 1896).

224) Kyk Notule Eerste Volksraad, artt. 498-499, 4 Junie 1896.

225) Gepubliseer in Staatscourant, 2 Feb. 1897.

226) Notule Eerste Volksraad, artt. 331-336, 1 Junie 1898 en artt. 340-342, 2 Junie 1898.

227) Wet 4/1898, art. 1 (Locale Wetten der ZA.R., 1898, bl. 10).

Elke lid was verplig om dié vergadering by te woon. Die taak van die Volksraad was dan om die veroordeelde Staatspresident van sy amp te onthef en reëlings te tref om die vakante betrekking weer op te vul.[228] In 1899 is die bewoording van die artikel gewysig en is in die eerste deel van die gewysigde artikel bepaal dat die Eerste Volksraad die staatspresident van sy amp kon onthef indien die besondere hof hom skuldig bevind het.[229] Daarom is toegevoeg dat die staatssekretaris onmiddellik van so 'n skuldigbevinding aan die voorsitter van die Eerste Volksraad kennis moes gee en hy moes dan die Eerste Volksraad byeenroep as hulle nie in sitting was nie.[230]

Voor 1894 is geen reël neergelê of die staatspresident sy amp sou hy beklee ~~het~~ wanneer hy in 'n staat van beskuldiging gestel word nie. Aangesien geen skorsing volgens Grondwet-bepalings in die Z.A.R. plaasgevind het nie,[231] kan wat in die praktyk gebeur het ook nie op die vraag uitsluitsel gee nie. In 1894 is egter in die verband bepaal dat sodra die staatspresident in 'n staat van beskuldiging gestel word, hy onmiddellik deur die Eerste Volksraad in sy amp geskors moes word, d.w.s. tydelik daarvan onthef word,[232] terwyl die vise-president dan in sy plek as voorsitter van die Uitvoerende Raad moes optree.[233]

Waar daar vroeër in die Grondwet van die Z..A.R. slegs melding gemaak gemaak is van onbekwaamheid van die Staatspresident, is dit in 1899 ook nodig geag om

---

228) Grondwet 1858, art. 53; ibid., 1889, art. 49; Wet 2/1896, art. 72.

229) Kyk bl. 397 en voetnoot 204 van hierdie hoofstuk.

230) Konsep-grondwet, 1899, art.86, soos goedgekeur per Eerste Volksraadsbesluit, art. 797, 8 Aug. 1899.

231) Ons handel hieronder oor drie gevalle wat met skorsing in verband staan.

232) Vgl. Notule Eerste Volksraad, artt. 792 & 796, 8 Aug. 1899.

233) Ibid., art. 1454, 23 Aug. 1894 (<u>Locale Wetten der Z.A.R.1894</u>, bl. 307). Opgeneem in Wet 2/1896, art.86 (ibid., 1896, bl. 45) en Konsep-grondwet, 1899, art. 84, soos bespreek en goedgekeur (Notule Eerste Volksraad, artt. 792-793, 8 Aug. 1899.

ŉ artikel in die Grondwet in te sluit oor wat gedoen moes word indien ŉ staatspresident deur kranksinnigheid nie in staat is om sy verpligtinge na te kom nie. Dit is toe aanbeveel dat die Uitvoerende Raad, wanneer die liggaam eenparig van oordeel was dat die president vanweë kranksinnigheid nie in staat was om sy amp te vervul nie, die president tydelik in sy amp moes skors in afwagting van die Eerste Volksraad se beslissing dat die besondere hof oor die saak uitspraak moes gee. Die aanbeveling is na lang bespreking, waarin o.a. die beswaar geopper is dat die hof nie die gewenste instansie was om daaroor uitspraak te doen nie, deur die Eerste Volksraad aanvaar.[234]

Ten spyte van al die baie bepalings en wysiginge was dit vir die Z.A.R. nooit nodig om ŉ staatspresident te skors nie, en die enkele keer wat hulle soiets probeer het, het dit nie volgens Grondwet geskied nie. In drie gevalle was daar sprake van skorsing en in al drie gevalle was president Pretorius by die saak betrokke. In 1860 het die Volksraad, n.a.v. die feit dat Pretorius hom as staatspresident van die O.V.S. laat insweer het besluit

> "dat de WelEd. Heer M.W. Pretorius, tot de zitting van den Edl. Achtbare Volksraad in September aanstaande buiten zyne werkzaamheden als President zal blyven, en dat het Z.Ed. niet zal geoorloofd zyn eenige bemoeyingen hoegenaamd in deze Republiek te maken, alsmede dat Z.Ed. worde aangeschreven om in den maand September aanstaande voor den Ed. Achtb. Volksraad te verschynen, ten einde zyn Ed. verantwoording voor den Ed. Achtb. Volksraad af te leggen." [235]

Van hierdie besluit is aan Pretorius kennis gegee.[236] Hoewel die Volksraad by ŉ later geleentheid verklaar het dat die besluit nie as ŉ skorsing bedoel

---

234) Konsep-grondwet, 1899, art. 85, soos bespreek en goedgekeur (Notule Eerste Volksraad, artt. 794-795, 8 Aug. 1899).

235) Volksraadsnotule (Z.A.R.), art. 49, 9 April 1860 (S.A. Argiefstukke, Tvl., no. 4, bl. 49)

236) R.3556/60, no. 75: kopie van brief van fung. pres. Grobler aan Pretorius, d.d. 23 April 1860.

was nie, maar alleen 'n versigtigheidsmaatreël ter bewaring van die onafhanklikheid van die staat was,[237] het die besluit inderdaad op 'n skorsing van die president neergekom, en boonop 'n onwettige skorsing,[238] sodat Pretorius heeltemal tereg die Volksraad kon versoek om aan hom informasie te verstrek wat die akte van beskuldiging teen hom ingehou het.[239] In elk geval het die Volksraad volgehou dat daar geen beskuldiging teen hom was nie en is Pretorius selfs gevra of hy weer bereid was om die pligte van president op hom te neem.[240] Op Pretorius se versoek het die Volksraad uiteindelik aan hom eervol ontslag as president toegesê,[241] 'n daad wat deur die Staatsprokureur as 'n oortreding van artikel 65 van die Grondwet deur die Volksraad beskou is, omdat die Volksraad verplig was om Pretorius van sy amp te onthef aangesien hy hom aan oortreding van artikels 61, 63 en 84 van die Grondwet skuldig gemaak het.[242]

In 1867 was Pretorius weer in die moeilikheid toe die Volksraad na aanleiding van die ondersoek wat hulle na die finansiële administrasie van die staat laat instel het, waaruit geblyk het dat meer geldnote gedruk is as waarvoor in 1866[243] aan Pretorius verlof verleen is, die volgende besluit geneem het:

---

237) Volksraadsnotule (Z.A.R.), art. 59, 14 Sept. 1860 (S.A. Argiefstukke, Tvl., no. 4, bl. 63). Kyk ook T.A. du Plessis: a.w., bl. 263.

238) Vgl. o.a. The Friend, 26 Okt. 1860 (hoofartikel). Onwettig in die sin dat dit nie ooreenkomstig die bepalings van die Grondwet geskied het nie.

239) R.4045/60: kladkopie van Pretorius se brief aan Volksraad, d.d. (10) Sept. 1860; R.4012/60: Pretorius aan Volksraad, d.d. 13 Sept. 1860.

240) Antwoord van Volksraad aan Pretorius, d.d. 12 Sept. 1860 (opgeneem in Volksraadsnotule, art. 28, 12 Sept. 1860).

241) Volksraadsnotule (Z.A.R.), artt. 65 & 66, 15 Sept. 1860 (S.A. Argiefstukke, Tvl., no. 4 bll. 64-65).

242) R.191/64: Rapport van Staatsprokureur, d.d. 5 April 1864.

243) E.V.R.6B: Volksraadsnotule (Z.A.R.), art. 652, 5 April 1866. Vgl. ook Engelbrecht: T.F. Burgers, bl. 115.

"Aangezien dat Z.H.Ed. den President onwettig en strydig heeft gehandeld tegen het Volksraadsbesluit van den 5 April 1866 art. 653, om meer noten dan daarin bepaald uittegeven. De Raad besluit dit zaak over te dragen aan den Staats Procureur, om daarin volgens wet nakeurig te handelen." 244)

Die volgende dag het Pretorius sy bedanking ingedien,[245] maar waarskynlik omdat die Volksraad nog nie die Staatsprokureur se bevinding verneem het nie, het hulle besluit om die beantwoording van dié brief tot die volgende oggend uit te stel.[246] Op 30 November was die rapport van die Staatsprokureur gereed en moes die Volksraad verneem dat die bewoording van hulle besluit alreeds so pertinent gestel is dat die President klaar deur die Volksraad skuldig bevind is en dat hy derhalwe as 'n valsche munter voor die Hooggeregshof tereg moes taan. Aangesien elke hof, kragtens Volksraadsbesluit, art. 2, 12-24 September 1859, 'n Volksraadsbesluit as wet moes eerbiedig, kon die Hooggeregshof Pretorius ook nie meer onskuldig verklaar nie, maar moes dit net die straf toepas.[247] Hierdie rapport het die Volksraad lelik op sy neus laat kyk toe hy moes verneem dat hy die President alreeds so goed as geskors het, en na behandeling van die rapport is aan die Staatsprokureur kennis gegee

"dat de bedoeling van gezegd besluit art. 212 alleen is, dat de Staats Procureur volgens art. 93 der Grondwet zal onderzoeken in hoeverre Z.H.Ed. de Staats President door het teekenen en uitgeven van meer noten, dan bepaald by Raadsbesluit dato 5 April 1866 art. 653 heeft strydig gehandeld." 248)

Terselfdertyd het die Volksraad ook besluit om Pretorius se bedanking nie te aanvaar nie,[249] waarop die Staats-

---

244) E.V.R.7B Ibid., art. 212, 28 Nov. 1867.

245) E.V.R.110, bl. 475: Pres. Pretorius aan Volksraad, d.d. 29 Nov. 1867 (ook opgeneem in E.V.R.7B: Volksraadsnotule, art. 216, 29 Nov. 1867).

246) E.V.R.7B: Volksraadsnotule, art.216, 29 Nov. 1867.

247) E.V.R.110: Staatsprokureur aan Volksraad, d.d. 30 Nov. 1867(geen V.R.-nommer nie). Ook opgeneem in E.V.R.7B: Volksraadsnotule, art. 223, 30 Nov. 1867.

248) E.V.R.7B: Volksraadsnotule, art.233, 4 Des. 1867.

249) Ibid., art. 232.

president sy bedanking teruggetrek het.[250]

In 1871 het sake weer vir Pretorius donker gelyk toe die Volksraad sy handelswyse i.v.m. die Keate-uitspraak afgekeur het. Pretorius het hom naamlik sonder goedkeuring van die Volksraad deur sy handtekening verbind om hom aan die uitspraak te onderwerp, nog voor dit gegee is. In die handelinge van Pretorius het die Volksraad nie alleen 'n oortreding van art. 82 van die Grondwet gesien nie,[251] maar prakties het dit daarop neergekom dat Pretorius 'n verdrag sonder toestemming en goedkeuring van die volksraad aangegaan het.[252] Hierdie besluit van die Volksraad was van so 'n aard dat die Staatspresident sy betrekking nie meer langer kon beklee nie.[253] Pretorius het bedank en om eervolle ontslag gevra. Daarvoor was die Volksraad nie te vinde nie,[254] sodat Pretorius weer 'n brief geskrywe het, waarin hy sonder meer bedank het.[255] Nadat 'n voorstel dat die Volksraad hom uit sy amp moes ontset afgestem is, is uiteindelik besluit

---

250) Pres. Pretorius aan Volksraad, d.d. 5 Des. 1867 (opgeneem in E.V.R.7B: Volksraadsnotule, art. 237, 5 Des. 1867). Hierdie hele episode het vir die Volksraad meer moeilikhede meegebring as wat seker ooit verwag is. Kyk E.V.R.110, bll. 318-319: brief no. 699 van Uitv. Raad aan Volksraad, d.d. 5 Des. 1867; E.V.R. 110, bll. 460-461: memorie aan Volksraad, d.d. Pretoria, 29 Nov. 1867 (33 handtekeninge). In 1868 het die Staatsprokureur weer 'n rapport by die Volksraad ingedien wat Pretorius van alle blaam onthef het (E.V.R. 112, brief 132), waarop die Volksraad sy goedkeuring daaraan geheg het (E.V.R. 8: Volksraadsnotule, art. 62, 14 Mei 1869).

251) E.V.R. 10: Volksraadsnotule, art. 354, 18 Nov. 1871.

252) Vgl. Engelbrecht: T.F. Burgers, bl. 102.

253) Vgl. opmerking van raadslid Moodie (E.V.R. 10: Volksraadsnotule, art. 355, 20 Nov. 1871).

254) Kyk bespreking in E.V.R. 10: Volksraadsnotule, art. 355, 20 Nov. 1871. Ook Engelbrecht: T.F. Burgers, bl. 102.

255) E.V.R. 114, bl. 262: Pretorius aan Volksraad, d.d. 20 Nov. 1871.

om sy bedanking te aanvaar,[256] en is hy op die volgende dag deur die Volksraad bedank

> "voor de vele en getrouwe diensten aan land en Volk bewezen,"

en is die hoop uitgespreek

> "dat Z.Ed. als burger of in welke betrekking hy ook later mogt geplaatst worden zal bydragen tot welvaart van land en Volk." 257)

Daarmee was Pretorius se eer gered.

Waar die Z.A.R. heeltemal 'n eie prosedure ontwerp het vir beskuldiginge teen, en die verhoor van sy staatspresident, het die O.V.S. in die voetspore van die Amerikaanse Konstitusie gevolg.[258] Laasgenoemde Konstitusie bepaal in hierdie verband:

> "The Senate shall have the sole Power to try all Impeachments. When sitting for that Purpose, they shall be on Oath or Affirmation. When the President of the United States is tried, the Chief Justice shall preside; And no Person shall be convicted without the Concurrence of two thirds of the Members present.
>
> Judgement in Cases of Impeachment shall not extent further than to removal from Office, and disqualification to hold and enjoy any office of honor, Trust or Profit under the United States. But the party convicted shall nevertheless be liable and subject to Indictment, Trial, Judgement and Punishment according to Law." 259)

> "The President, Vice President and all civil officers of the United States, shall be removed from Office on Impeachment for, and Conviction of, Treason, Bribery, or other high Crimes and Misdemeanors." 260)

Met betrekking tot die verwydering uit sy amp van die Vrystaatse president, het die Grondwet voorgeskryf dat indien hy insolvent verklaar of enige lyfstraffelike vonnis teen hom uitgespreek word, die Volksraad hom onmiddellik van sy amp kon onthef.[261]

---

256) E.V.R.10: Volksraadsnotule, art.355, 20 Nov. 1871.

257) Ibid., art. 363, 21 Nov. 1871.

258) Vgl. Scholtz: a.w., bl. 23.

259) Konstitusie (V.S.A.) Art. 1, seksie 3.

260) Ibid., Art 2, seksie 4.

261) Konstitusie (O.V.S.), 1854, art.14; ibid.,1866, art. 16 (Scholtz: a.w., bylae 1 & 2); Wetboek van den Oranje-Vrystaat 1854-1891, bl. 13.

Verder het die Volksraad reg gehad om die Staatspresident te bereg in gevalle van landsverraad, omkopery en ander hooge misdaden. Vir die veroordeling van die president was 'n driekwart meerderheid van die stemme van die teenwoordige Volksraadslede nodig. Hierdie veroordeling sou nie kon plaasvind tensy al die Raadslede teenwoordig was nie, of ten minste sonder dat die aanstaande verhoor so goed bekendgemaak is dat al die lede in die geleentheid gestel sou wees om teenwoordig te wees nie. Indien slegs 'n kworum van die Raad byeengeroep sou word, en die kworum eenparig van opinie was dat die staatspresident aan genoemde misdade skuldig was, kon hulle hom dadelik tydelik skors, en moes hulle so gou moontlik die hele Raad byeenroep om die president te verhoor en 'n vonnis te vel. Wanneer die Volksraad só as hof optree, moes hulle by die aanvang van die sitting hulle eed as sodanig aflê. Indien die president op die wyse van sy pos onthef is, moes die Volksraad reëlings tref vir plaasvervanging en vir die opvulling van die vakante betrekking. By skuldigbevinding kon die Volksraad geen meerdere vonnis uitspreek as om die president van sy amp te ontslaan en om hom onwaardig te verklaar om ooit weer 'n regeringspos te beklee nie. So 'n gevonnisde sou dan in elk geval nog aan gewone geregtelike vervolging blootstaan.[262)]

In hierdie voorskrifte het daar tydens die hele bestaan van die Republiek geen verandering gekom nie.

Ten opsigte van die Z.A.R. het die prosedure in die O.V.S. een belangrike beginselverskil ingehou. Waar 'n aangeklaagde staatspresident van die Z.A.R. ten minste van 'n regverdige verhoor verseker kon wees omdat die aanklag en verhoor by aparte instansies berus het, daar kon 'n Vrystaatse President nie van dieselfde regverdige verhoor verseker wees nie omdat die Volksraad opgetree het as aanklaer sowel as regbank. Tereg meld Scholtz dat soiets teen die begrippe van reg en geregtigheid indruis en dat dit gelukkig is dat die Volksraad

262) Konstitusie (O.V.S.), 1854, art. 15; ibid., 1866, art 17 (Scholtz: a.w., bylae 1 & 2); Wetboek van den Oranje-Vrystaat 1854-1891, bll. 13-14.

van die O.V.S. slegs een keer nodig gehad het om van hierdie magte gebruik te maak, naamlik in die geval van president Hoffman, wat aan Moshesh 'n vaatjie kruit gegee het.[263)]

Die Staatspresidente van die twee Boere-Republieke het dus nie alleen oor belangrike wetgewende bevoegdhede wat deur die onderskeie Grondwette aan hulle verleen is, beskik nie, maar het deur daarvan gebruik te maak 'n uiters belangrike invloed op die wetgewing van albei state uitgeoefen, en ten spyte van hulle algehele verantwoordelikheid aan die Volksraad, het hulle 'n besonder sterk posisie teenoor die Volksraad ingeneem en het hulle inderdaad aan dié liggaam die nodige leiding gegee.

---

263) Scholtz: a.w., bl. 80. Oor die verhoor van Hoffman handel ons nie hier nie, maar verwys die leser na J.J.G. Grobbelaar: Die Vrystaatse Republiek en die Basoetoe-vraagstuk, hoofstuk III (Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, sesde jaargang, deel II, 1939).